# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEBRUARIE / MAART

2007

**SG**

## AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL

Tweede Vraestel

Literatuurstudie

101-2/2

AFRIKAANS PRIMERE/EERSTE TAAL SG: Vraestel 2

101 2 2 SG

26 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**:

- Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf.
- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk slegs die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Moenie die lengte-instruksies by opstelvrae verontagsaam nie.
- Jy moet VIER vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae se antwoorde deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

- Beantwoord TWEE gedigte uit Afdeling A. (25)
- Beantwoord EEN dramavraag uit Afdeling B. (25)
- Beantwoord EEN prosavraag uit Afdeling C. (25)

**[75]**

## AFDELING A
## POËSIE

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie Afdeling.

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | Treursang vir Van der Merwe (Uys Krige) | 5 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 2: | Busrit in die aand (Elisabeth Eybers) | 6 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 3: | Bitterbessie dagbreek (Ingrid Jonker) | 8 | (12½) |
| | **óf** | | |
| VRAAG 4: | Karoo-dorp: Someraand (N.P. van Wyk Louw) | 9 | (12½) |

**TOTAAL VIR AFDELING A: (12½) + (12½): [25]**

## AFDELING B
## DRAMA
### *Die Keiser* – Bartho Smit

- Beantwoord Vraag 5 (kontekstuele vrae) óf Vraag 6 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **MOET** jy die langer tipe vraag in Afdeling C beantwoord en andersom.
- Afdeling C tel 25 punte.

| | Bladsy | [25] |
|---|---|---|
| VRAAG 5 (Kontekstuele Vrae) | 10 | (25) |
| **óf** | | |
| VRAAG 6 (Paragraaftipe Vrae) | 13 | (25) |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 5) beantwoord het, **MOET** jy die langer tipe vraag in Afdeling C beantwoord, of andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies oor die betrokke roman wat jy behandel het.

| **Kontekstuele vrae:** | | **Bladsy** | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 7 | *KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee) | 15 | (25) |
| VRAAG 8 | *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman) | 18 | (25) |
| VRAAG 9 | *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee) | 20 | (25) |
| VRAAG 10 | *TOORBERG* (Etienne van Heerden) | 23 | (25) |

**of**

| **Paragraaftipe vrae:** | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 11 | *KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee) | 25 | (25) |
| VRAAG 12 | *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman) | 25 | (25) |
| VRAAG 13 | *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee) | 26 | (25) |
| VRAAG 14 | *TOORBERG* (Etienne van Heerden) | 26 | (25) |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet 'n totaal van VIER vrae beantwoord.

- 2 gedigte
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN stel paragraaftipe vrae uit Afdelings B en C moet beantwoord word.

## AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling. (Vraag 1 – 4)
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 1

Lees die onderstaande gedig, ***Treursang vir Van der Merwe*** deur Uys Krige, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**TREURSANG VIR VAN DER MERWE** (Uys Krige)
*(met die nuusberig, by die ontbyttafel, van 'n onbekende se dood)*

Ek merk
mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe
het voorverlede awend in die kerk
gestik, gestuiptrek en skielik toe gesterwe.
Die krantberig se taalgebruik is ietwat stroef-verhewe:
In die tempel van God gisteraand presies om kwart-oor-sewe
het hy die Ewigheid aanvaar in ruil vir hierdie tranedal, die
beslommernisse van hierdie lewe.

Ek hoop
sy familiebetrekkinge gedra hulle, is nie so gemeen
om reeds te stribbel oor wie sy kis sal koop,
en dat sy weduwee 'n tyd lank eerbiediglik sal ween;
dat om sy graf sal dring 'n bonte skare
om hom vaarwel te roep, hy so oud, so sat van jare, maar wat
die Dood betref so jonk, so onervare:
vriende en maats en kennisse, sy vyande en selfs sy skuldenare.

Ek meen
hy het 'n goeie slag geslaan: hy's ryk, hy het geërf
die lang, lang Nag oneindig om hom heen.
Vrede en rus en stilte, oplaas verlossing van sy naam het hy
verwerf.
Wie het ooit gedink dat hy doodgewoon moes sterwe
om die Nameloosheid van al sy voorouers, die Groot Vergetelheid
te erwe,

*Wyle mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe?*

Uit: ***Gedigte*** J.L. van Schaik

1.1 Dit lyk of die spreker 'n ruiltransaksie in hierdie gedig beskryf. Watter DRIE frases uit r. 17 – 20 sinspeel op die sukses van dié ruiltransaksie? (1)

1.2 Is hierdie gedig volgens die titel 'n lied? Antwoord net ja of nee. (1)

1.3 Waarom is daar ekstra inligting onderaan die gedigtitel? (1)

1.4 Die skryfwyse van die ekstra inligting onder die titel verskil in TWEE opsigte van die res van die gedig. Noem die TWEE verskille. (2)

1.5 Die persoon wat dood is, was naamloos. Tog gee die spreker in r. 1 aan hom talle titels, eretitels en 'n oorbekende van. Watter funksie het dit dat die persoon se van Van der Merwe is? (2)

1.6 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 5? (2)

1.7 Die spreker skets die lewe baie negatief in strofe 1. Motiveer hierdie stelling met 'n enkele woord uit strofe 1. (1)

1.8 Lees weer r. 17 – 20. Het die oorledene hom werklik menslik gesproke ryk geërf? Motiveer jou siening. (2)

1.9 Watter funksie het die herhaling van r. 1, r. 9 en r. 17 in die gedig? (½)

**[12½]**

**OF**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande gedig, ***Busrit in die aand*** deur Elizabeth Eybers, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**BUSRIT IN DIE AAND (Elisabeth Eybers)**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor 'n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë ...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Uit: *Die stil avontuur*

2.1 Waarom pas die woord **slawe** (r. 9) besonder goed in hierdie gedig? (1)

2.2 Die werkers bevind hulle in 'n kaperskuit wat ploeg (r. 7). Waarop dui die ongewone woordkeuse **ploeg**? (1)

2.3 In r. 13 lees 'n mens die woord "opgetoë". Met watter woord in strofe 1 kontrasteer **opgetoë**? (1)

2.4 Kyk mooi na die eindrymskema van die gedig. Die eerste twee reëls van elke strofe rym telkens (paarrym), terwyl die derde reël telkens wat die rym betref, alleen staan. In r. 13 – 14 kry die paarrym (opgetoë met oë) 'n besonderse funksie. Watter funksie het die paarrym hier? (1)

2.5 Waarna verwys die **skaduwee-skimme** in r. 4? (1)

2.6 Skryf reël 2 in jou antwoordboek neer en dui die halfrym in r. 2 aan deur die betrokke klanke te onderstreep. (1)

2.7 Wat noem 'n mens die tipe halfrym wat jy in jou vorige antwoord (2.6) aangedui het? (1)

2.8 Wat is die funksie van die halfrym wat jy in r. 2 aangedui en benoem het? (2)

2.9 Wat is die belangrikste verskil tussen strofe 1 en die slotstrofe? (1)

2.10 Gee 'n klanknabootsende woord uit r. 11. (½)

2.11 Dui aan met wie in die bus jy graag identifiseer: die passasiers of die twee verliefdes? Motiveer jou keuse. (2)
**[12½]**

**OF**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig, ***Bitterbessie dagbreek*** deur Ingrid Jonker, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**BITTERBESSIE DAGBREEK (INGRID JONKER)**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
'n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo
kierang kierang my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

**Uit:** ***Rook en oker*** **(Perskor)**

3.1 Wat is die tema (hoofgedagte) van hierdie gedig? (1)

3.2 Omskryf kortliks die stemming van die gedig en gee die letterkundige begrip waarmee stemming dikwels omskryf word. (1½)

3.3 Watter woord in r. 4 gee 'n subjektief-persoonlike aard aan die gedig? (1)

3.4 **Grootpad** (r. 5) is 'n metafoor. Waarvoor staan dit? (1)

3.5 Sodra 'n mens die grootpad byster geraak het, verdwaal jy op allerlei afdraaipaadjies. Waarna verwys die **afdraaipaadjies van sy woorde** (r. 7 – 8)? (1)

3.6 Watter funksie het dit dat die gedig op dieselfde manier afsluit as wat dit begin? (1)

3.7 In r. 5 is die normale woordorde omgedraai. In plaas van "ek soek na die grootpad", staan daar, "Soek ek na die grootpad". Watter effek het dit dat die reël met **soek** begin? (2)

3.8 Met watter woord in r. 16 stem **eggo** (r. 13) ooreen? (1)

3.9 Dui die teenstelling tussen r. 9 en 10 aan. (1)

3.10 Gestel jy is die spreker en jy sou daarin slaag om jou geliefde terug te kry. Dink jy 'n tweede verhouding sou uitwerk? Motiveer jou antwoord. (2)

**[12½]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig, ***Someraand*** deur N.P. van Wyk Louw, aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**KAROO-DORP: SOMERAAND (N.P. van Wyk Louw)**

Die laat-middag het room geword
en treine wat ver fluit
en 'n wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op 'n kluit

en rook uit die lokasie rook
en by die dorpsdam sing
en mense in tennisbroekies loop
die koper skemer in

dóér op die nasionale pad
loop motortjies onhoorbaar, hoog;
Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets
kom staan, vanself, moeg, voor die oog.

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom
sit op die bordienghuis se stoep:
vanaand gaan hoor ons nog hoe sy
die Here en die uile roep.

**Uit:** ***Tristia***

4.1 Skryf 'n woord uit die slotstrofe neer wat 'n voorbeeld is van die taalgebruik van die inwoners van die Karoo. (1)

4.2 Wat is die funksie van die kommas in r. 12? (2)

4.3 In r. 5 lees 'n mens van lugbesoedeling. Gee nog 'n voorbeeld van lugbesoedeling uit strofe 3. (1)

4.4 Word **oog** (r. 12) letterlik of figuurlik bedoel en waarvoor staan dit? (1½)

4.5 In r. 11 – 12 word Oum Appie se karakter beskryf. Noem TWEE belangrike eienskappe van die oom. (2)

4.6 Wie of wat is die **klaas-skáwagter** (r. 3)? (1)

4.7 Waarom word **motortjies** (r. 10) in die verkleiningsvorm geskryf? (1)

4.8 Wie is dit wat by die dorpsdam sing? (1)

4.9 Skryf 'n woord uit r. 5 neer wat daarop sinspeel dat hierdie gedig binne die konteks van die ou Suid-Afrika geskryf is en gelees moet word. (1)

4.10 Waarvoor staan **uile** (r. 16) tradisioneel? (1)

**[12½]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B

### DRAMA

### *DIE KEISER* – Bartho Smit

**INSTRUKSIES**:

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Beantwoord óf Vraag 5 (kontekstuele vrae) óf Vraag 6 (paragraaftipe vrae).
- Indien jy die kontekstuele vrae beantwoord, **MOET** jy in Afdeling C die paragraaftipe vrae beantwoord, of andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### KONTEKSTUELE VRAE
### VRAAG 5

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord dan die vrae wat volg:

KULTUUR : Al Sy Majesteit se klere het verdwyn.
MAARSKALK : Wat?!
DIPLOMAAT : Maar dis tog onmoontlik!
MAARSKALK : Wanneer?
KAMERHEER : Ek weet nie, Maarskalk. Ons het dit so pas eers ontdek.
KULTUUR : Alles, sê jy?
KAMERHEER : Wel, alles waarmee Sy Majesteit in die openbaar kan verskyn.
MAARSKALK : Maar is jy seker, Kêrel? Al die paleiswagte was al die tyd op hul poste . . .
KAMERHEER : Ek is seker, Maarskalk. Ek het gedink ek moet u Edeles kom waarsku vóór Sy Majesteit kom. Hulle is op pad.
KULTUUR : Op pad?!
KAMERHEER : Ja, u Edele.
DIPLOMAAT : Maar ons het nog skaars begín met die inspeksie!
KAMERHEER : Sy Majesteit wou nie langer wag nie, u Edele.
MAARSKALK : Weet Sy Majesteit al van die diefstal?
KAMERHEER : Nee, Maarskalk.
DIPLOMAAT : Wat 'n geluk dat ons darem hiérdie kostuum vir die optog sal hê.
KULTUUR : (*verwese*): 'n Geluk, ja . . . (*Haas hom terug na die Wewers.*) Ons inspeksie is beëindig.
WEWER : Wat?!
TIENGELIENG : Is u nie tevrede met wat u so ver gesien het nie?
KULTUUR : Nee, nee, dis nie dít nie, Dame. Wat ons so ver gesien het, is puik . . .

DIPLOMAAT : Manjifiek.
MAARSKALK : Presies.
KULTUUR : Maar . . . e . . . Sy Majesteit is op pad om te kom aanpas.
TIENGELIENG : O. .
DIPLOMAAT : Hy wou nie langer wag nie.
HOFNAR : Wat het die apie gesê toe hy om die tak geswaai het, u Ydele?
WEWER : Ons het niks om weg te steek nie, u Edele. Sy Majesteit kan maar kom.
WAG : (*verskyn in die deur*): Hul Majesteite die Keiser en Keiserin van Ekwator! Lank lewe die Keiser!
HOFNAR : Ha! Nou sal julle moet sien vir 'n vale . . .
(*Die Keiser en Keiserin kom binne. Die Keiser het 'n kamerjas en pantoffels aan.*)
KOOR : Lank lewe die Keiser! Lank lewe die Keiserin!
KEISER : (*vol verwagting*): Hoe lyk dit, Kultuur?
KULTUUR : (*Beduie met gekromde duim en wysvinger*): Fyn , U Majesteit – fýn.
DIPLOMAAT : Eenvoudig manjifiek, U Majesteit!
MAARSKALK : 'n Mens kan jou oë nie glo nie.
HOFNAR : En die ding lyk net soos my Kroon.
KEISERIN : (*bedoelende die Pop*): Dit sou ék darem nie sê nie.
KULTUUR : (*by die Pop*): Kyk net hierdie onderbaadjie . . .
MAARSKALK : So iets het g'n mens in sy dag des lewens nog aanskou nie.
(*Die Keiser en Keiserin staar na die kaal Pop asof hulle albei 'n spook sien.*)
KULTUUR : En alles streng volgens ons eie styl.
TIENGELIENG : Lodewyk Veertien, o Keiser, o Keiserin.
KEISER : (*verdwaas*): Ek sien.
DIPLOMAAT : Die styl van die Sonkoning vir die kostuum van die Heilige Keiser.
KULTUUR : En die weefwerk, U Majesteit – die weefwerk is iets uit 'n ander wêreld uit.
KEISERIN : (*kom tot verhaal*): Dis pragtig . . . O, Majesteit – dis prágtig!
DIPLOMAAT : Subliem.
KEISER : Mooi, ja . . . Om die waarheid te sê – ek is ietwat uit die veld geslaan.
DIPLOMAAT : Wie sou nié wees nie, U Majesteit?
KULTUUR : Presies. Voor só 'n kunswerk . . .
MAARSKALK : Ek is self nog uit die veld geslaan . . .
HOFNAR : En ons Korporaal word gewoonlik net met wapens uit die veld geslaan, my Kroon.

5.1 Lees reël 25. Dink jy Kultuur is wél tevrede met wat hy gesien het? Motiveer jou antwoord. (2)

5.2 Kultuur is baie hoflik teenoor sy medemens. Bewys hierdie stelling aan die hand van r. 25. (1)

5.3 In r. 31 noem Hofnar vir Kultuur u Ydele. Hoe tree 'n ydel mens op? (1)

5.4 Watter bynaam gebruik Hofnar vir Diplomaat? (1)

5.5 Dui aan hoe die Keiser se houding in r. 40 en 53 kontrasteer. (2)

5.6 In r. 56 – 57 verwys Kultuur na die kostuum as iets wat uit 'n ander wêreld kom. Van watter land kom die twee wonderwewers? (1)

5.7 Wat beteken die uitdrukking: **tot verhaal kom** (r. 58)? (1)

5.8 Skryf EEN woord uit r. 60 neer waarmee die Keiser sy emosies geringer voorstel as wat dit is. (1)

5.9 Die uitdrukking **uit die veld geslaan** word in r. 63 en r. 65 gebruik. Word hierdie uitdrukking in r. 65 letterlik of figuurlik bedoel? (1)

5.10 In r. 64 lees 'n mens van wapens. Wie is die rebelleleier wat Maarskalk die laaste ruk soveel grys hare besorg het? (1)

5.11 Watter TWEE tegnieke gebruik die dramaturg in r. 2 om Maarskalk se skok uit te druk? (2)

5.12 Diplomaat is skynheilig in r. 3. Verduidelik. (1)

5.13 Waar is die kostuum wat Kultuur vir die Keiser laat maak het om in die optog te dra? (2)

5.14 Om watter rede het die paleiswagte (r. 9) nie alarm gemaak toe die Keiser se klere gesteel is nie? (1)

5.15 Watter emosie van die Keiser suggereer die ellips (stippels) in r. 60? (1)

5.16 Verduidelik waarom daar gesê kan word dat die Wewer se woorde in r. 32 – 33 dubbelsinnig is. (2)

5.17 Wat suggereer Hofnar in r. 36 in verband met die klere? (1)

5.18 Volgens r. 60 gee die Keiser voor hy sien die klere, terwyl ons weet dat hy niks sien nie. Gee TWEE redes waarom die Keiser oor die klere jok. (2)

5.19 Watter idioom oor klere word tot leuse van elke skoolgaande kind in Ekwator verklaar? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 6

6.1 Die onderstaande strokiesprent handel oor *gevlekte klere*. Klere speel 'n belangrike rol in die drama, *Die Keiser*. Skryf 'n goed beplande opstel van 200 – 250 woorde oor klere in *Die Keiser* en konsentreer op die volgende hoofpunte:

- Watter modes word aan die Keiserlike Hof gedra en waarom is dit so onvanpas?
- Klere word as oorbelangrik deur sekere persone gesien:
  - Vir wie is klere so belangrik?
  - Wie is berispe oor 'n vlek op sy krawat en wat was die aanklag teen hom?
  - Watter idioom oor klere speel 'n belangrike rol in die drama en wie het die idioom volgens Hofnar oorspronklik gebruik?
  - Sê ook kortliks wat die idioom beteken en wie besluit het om dit as slagspreuk in Ekwator af te kondig.
- Klere (ook brandende klere) kry 'n simboliese waarde in die drama. Bespreek die stelling.
- Sou jy sê dat die genoemde idioom geldig of waar is as jy dit meet aan die Keiser se optog aan die einde van die drama? Motiveer jou siening.




***Beeld-Plus*** **6 Mei 2005, p. 11**

(15)

**EN**

6.2




***Beeld-Plus* 20 Junie 2002, p. 11**

In bostaande strokiesprent is daar van 'n troon, 'n kroon en die oerwoud sprake. Om opsy geskuif te word kom ook ter sprake. Al hierdie sake kom op die een of ander wyse ook in die drama, *Die Keiser*, voor. Skryf 'n opstel van 180 – 200 woorde waarin jy die drama aan die hand van die volgende hoofpunte bespreek. Onthou om in paragrawe te skryf.

- Verduidelik wie dit is wat die Keiser wil onttroon; dus opsy wil skuif. Watter karakters is by hierdie komplot betrokke en wat behels hulle plan?
- In die troonkamer is nuwe trone geïnstalleer vir die feesviering. Watter feesviering is dit wat hier ter sprake is?
- Buite in die oerwoud staan die Paleisstad. Verduidelik wat dit is en watter rol dit in die feesviering sal speel.
- Nog voor die optog het die Keiser se kroon van sy kop afgerol. Wat het met die Keiser gebeur en wat simboliseer die afrol van die kroon? (10)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

## AFDELING C
## PROSA

**INSTRUKSIES**:

- In hierdie Afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Indien jy in Afdeling B die **kontekstuele vrae** (Vraag 5) beantwoord het, **MOET** jy nou hier die **paragraaftipe** vrae beantwoord, of andersom. Indien jy nie hierdie vereiste nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie!
- Beantwoord slegs 'n vraag oor die roman wat jy vanjaar behandel het.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

**KONTEKSTUELE VRAE**

Beantwoord hier Vraag 7 **óf** Vraag 8 **óf** Vraag 9 **óf** Vraag 10, afhangende van die roman wat jy behandel het.

## VRAAG 7
## *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat gestel is.

> Hóé groot?”
>
> “Baie groot?”
>
> “Baie groot.” Hy het nie opgekyk nie.
>
> “My pa het baie olifanttande. Hulle laai die tande op die skepe, maar hy sê hulle maak nie die olifante dood om die tande te kry nie, hulle vang hulle net, en trek hul tande uit.”
>
> “Dis 'n lieg!” Hy het 'n oomblik van sy penarie vergeet en dit reguit in haar gesig gesê. “Waar sal 'n olifant hom vir 'n tandetrekkery laat staan vang? Klink vir my na 'n regte bloubokkie-se-gal-storie.”
>
> “Ekskuus?”
>
> “Niks.”
>
> “Hoe oud is jy?”
>
> “Veertien.” Vir wat wou sy dit weet?
>
> “Ek is tien. My naam is Kate en dis my sussie, Mary. Wat is jou naam?”
>
> “Saul.”
>
> “Ons het eers in die Kaap gewoon en daar skoolgegaan. Ons gaan nou hier skool. Waar gaan jy skool?”
>
> Hy het haar nie geantwoord nie. MacDonald het genadiglik uit die skuur gekom en gesien hulle staan nog altyd daar.
>
> “Kate!" het hy geraas. “I told you not to speak to these people! They're wild!”

7.1 Skryf 'n frase (sinsdeel) uit r. 3 – 5 neer waaruit blyk dat MacDonald ontken dat hy die natuurlewe skend. (1)

7.2 Waarom het Saul nie vir Kate (r. 20) geantwoord nie? (1)

7.3 Wat behels Saul se penarie (r. 7)? (1)

7.4 Noem TWEE dinge wat met Saul gebeur het toe hy 14 geword het. (2)

7.5 Tussen r. 4 – 10 is daar sprake van TWEE groot leuens. Sê kortliks wat dié TWEE leuens behels. (2)

7.6 Verduidelik waarom juis die woord **genadiglik** in r. 20 gebruik word. (1)

**EN**

MacDonald se woede was in sy oë. 'n Oomblik het dit gelyk of hy gaan omdraai en wegstap, maar toe verander hy skielik en 'n grynslag gaan lê stadig en uitdagend om sy mond. Hy het die skuldboek agter sy rug gehad.

"Jou boekskuld staan op sewe pond tien, Barnard," lees hy nadat hy die boek oopgeslaan het.

"Wat waarvandaan kom?" vra Joram Barnard verskrik.

"Jy sal verniet probeer stry, Barnard, elke pennie staan hier neergeskryf." MacDonald het geklink soos een wat iets geniet.

"Saul!" Sy pa se stem was bang. "Gaan lees wat daar in daardie boek staan. Hy kan lees, mister MacDonald, wys hom."

Bo-aan die blouerige bladsy het JORAM BARNARD in dik inkletters gestaan. Dan, soos krale onder mekaar ingeryg; goodfor, goodfor, goodfor, goodfor, goodfor, goodfor. Tot onderaan die bladsy en weer van bo af op die volgende een. Sommige was doodgetrek, ander doodgekrap. Party was weer oorgeskryf.

"Wat staan daar, Saul?" wou sy pa onrustig weet. Hy wou omdraai en vir sy pa skree om nie so te laat agterkom dat hy bang is nie!

7.7 Wie het Saul leer lees? (1)

7.8 Uit hierdie gedeelte kan die leser iets van die "skewe sirkel" agterkom. Verduidelik baie kortliks wat daarmee bedoel word. (2)

7.9 Is Saul tans nog deel van Joram Barnard se houtkapperspan? Sê net ja of nee. (1)

7.10 Lees weer r. 37 – 39. Wat dui daarop dat MacDonald konkel? (1)

7.11 Watter beklemtoningtegniek (stylfiguur) gebruik die skryfster in r. 36 – 37? (1)

7.12 In r. 35 – 38 is daar 'n vergelyking. Dui aan watter TWEE dinge (sake) met mekaar vergelyk word. (2)

**EN**

"I don't understand English," het hy oor sy skouer gesê en 'n glimlag onderdruk. As dit nie vir die onrus oor Kate was nie, kon dit nogal 'n vermaaklike twee weke gewees het wat voorlê. Twee weke terug in die Bos met lekker kos en 'n Engelsman wat iets kom soek wat vir seker nie loeries is nie . . .

Die man haal hom egter in en stamp hom van agter. "What did you say?"

"I don't understand English."

"Oh my God! Please stop. I . . . I don't feel well."

Toe Saul omkyk, het hy geskrik. Die man was so wit soos 'n kers! "Is meneer siek?" vra hy in Engels en los sy plan om hom 'n bietjie te tart.

"Ek is benoud," sê Patterson en hy klink soos 'n man wat wil soebat. "Ons moet omdraai."

Sou MacDonald hom met 'n mal man die Bos ingestuur het? het Saul skielik gewonder. Die man se oë was skoon wild in sy kop.

"Kry jy asma, meneer?" Dit was al waaraan hy kon dink.

"Nee. Ek is net benoud. Die wêreld is te toe om my. Dis hierdie bos!"

"Was meneer al tevore in 'n bos?"

"Nee."

"Waar kom meneer vandaan?"

"Australië." Sweet het op die man se voorkop uitgeslaan.

7.13 Verduidelik hoe Saul hom in r. 43 weerspreek. (2)

7.14 Saul geniet dit om die Engelsman bietjie te tart (r. 54). Watter houding van Saul in r. 43 – 46 verraai sy genot? (1)

7.15 Wie het Saul saam met Patterson die Bos ingestuur en onder watter voorwendsel is dit gedoen? (2)

7.16 Waarom is Saul onrustig (r. 44) oor Kate? (1)

7.17 Verduidelik waarom **bos** (r. 62) met 'n kleinletter en in r. 57 met 'n hoofletter geskryf word. (2)

7.18 Waarom het jy nie simpatie met Patterson nie? (1)
**[25]**

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat gestel is:

> "Wat is verkeerd?" vra hy. "Het jy my laat roep?"
>
> "Ek het gedink dat jy seker sou wil kom; trouens, dat dit reg is dat jy kom."
>
> "Wat het gebeur?"
>
> "Liam is dood."
>
> "Die soldate . . . ?"
>
> "Hulle het hom vanoggend hier betrap saam met twee ander mans – hierdie hutte staan leeg, en hulle het hier kom skuil. Maar iemand het hulle verraai en hulle is gevang. Hy wou nie praat nie, niks sê nie, toe het hulle hom vasgemaak en hom tweehonderd houe met 'n sweep gegee."
>
> "Tweehonderd?"
>
> "Ons leef hierdie afgelope maande te midde van geweld. Weet jy dan nie wat daar om jou heen gebeur nie? Daar vind deesdae nog erger dinge plaas."
>
> "En hy is dood?"
>
> "Wat dink jy?" hulle het hom hier gelaat, en toe hulle weg is, het sy mense hom gevind en my laat kom, en ek het iemand gestuur om jou te roep voordat ons hom laat begrawe."
>
> David draai om in die rigting van die hut waar die kerslig dof flikker, en die priester gaan hom vooruit na binne. Hy lê op 'n baar wat aanmekaar getimmer is van ou planke, met vetkerse wat brand by sy kop en voete, en daar kniel vroue rondom hom op die grond, hul gesigte en hande wit onder hul sjaals. Dan wys die priester egter vir hulle dat hulle moet gaan, en hulle staan op: David hoor die gerinkel van hul rosekranse en die geluid van hul kaal voete oor die kleivloer van die hut, klein geluidjies waaraan hy vasgryp, want daar is niks anders meer oor nie. Hy bly daar staan en kyk neer op die liggaam op die baar waar die kerse flikker, Liam weg en slegs die herinnering aan hom nog oor, Liam wat lag en die hare wat in sy donker oë tuimel, die musiek van 'n viool.

8.1 Wie is in r. 1 aan die woord? (1)

8.2 Hoe is Liam doodgemaak? (2)

8.3 Wie praat in r. 17 – 19? (1)

8.4 Gee TWEE bewyse uit r. 20 – 31 dat hierdie gebeure in 'n armoedige ruimte afspeel. (2)

8.5 Skryf EEN woord uit r. 24 – 28 neer wat aandui dat die vroue tot die Rooms-Katolieke geloof behoort. (1)

**EN**

Hy dwaal deur die huis soos voorheen, en deur die park in die reën. Wat het verander? Die feit dat daar skielik iets gebeur het, dat hy iets gedóén het? En dat die aand by Ard na Croise die eie afsondering nog skerper beklemtoon het, en hom meer laat verlang het na ander dinge: die gloed van vuurlig, stemme, geselskap?

Dit is egter verby, en waarom sou hy die skoolmeester ooit weer sien, of die vervalle hereboer? Hy het met hulle niks te make nie, maar tog is dit húlle na wie hy verlang en die aand saam met hulle waaraan hy terugdink. Hulle het met hom gepraat as gelykes en hom in die oë gekyk, vir hom gesê dat hy kan terugkom as hy wil.

Hy sal tog nie teruggaan nie – hoe kan hy, Arthur se broer, inwoner van Donore? Maar hy wíl, en telkens weer kom hierdie begeerte hom verras.

8.6 Skryf 'n woord uit r. 32 – 33 neer wat David se doellose bestaan aandui. (1)

8.7 Volgens r. 34 het David iets gedoen. Op watter TWEE dade van David word hier moontlik gesinspeel? (2)

8.8 Skryf 'n sinsdeel uit r. 38 – 39 neer wat David se buitestanderskap bevestig. (1)

8.9 In r. 42 – 44 kom die leser agter dat David innerlike konflik beleef. Verduidelik wat hierdie konflik behels. (2)

8.10 Waar het David die skoolmeester (r. 37) vir die eerste keer ontmoet en hoe het dit gebeur? (2)

8.11 Na wie se weggaan van Donore af leef David meer na buite? (2)

**EN**

"Ek sal loopskoene aantrek en ek sal uitgaan! In die wind en die reën – só leer jy die land ken. Jy moet uitgaan en vasval in die modder en oor muurtjies klim en jou klere skeur aan die braamtakke. Jy moet natreën en met die skaapwagters gesels en in die hutjies van die mense ingaan."

"As jy één winter meegemaak het of in één hut ingegaan het, sal jou geesdrif gou verdamp," merk David op.

Sy kniel onder die bome met haar arms vol blomme en 'n ligte blos van verontwaardiging op haar wange. "Jy dink ek is 'n kind," sê sy, "dat ek oor 'n paar maande weer sal omswaai en heeltemal verander. Maar ek sal nie! Ek het Ierland met my hele hart aangeneem, en ek sal dit met my hele hart liefhê!"

Haar erns is vir hom amusant, maar tog 'n bietjie ontroerend: hy glimlag nie. "Moenie kwaad word nie," sê hy; "ek is maar net sinies van aard. Miskien sal jy my nog bekeer."

Toe lag sy weer. "Ja, dit gee my doel in die lewe. 'n Mens moet 'n doel hê."

8.12 In r. 51 word na Alice se geesdrif verwys. Waaroor is sy so geesdriftig? (1)

8.13 Wat presies bedoel David met **geesdrif wat verdamp** (r. 51)? (1)

8.14 Watter gedrag is volgens Alice (r. 52 – 55) tipies van 'n kind? (1)

8.15 Gee 'n ander woord vir **bekeer** (r. 59) wat binne hierdie konteks amper dieselfde betekenis het. (1)

8.16 Alice sê: "dat ek oor 'n paar maande weer sal omswaai en heeltemal verander." (r. 54 – 55.) Verduidelik waarom hierdie woorde profeties is. (1)

8.17 Volgens Alice leer 'n mens iets slegs ken as jy dit deur swaarkry (ontbering) verken. Noem TWEE sulke ontberings waarna sy in die aangehaalde deel verwys. (2)

8.18 Dink jy David het 'n doel in die lewe? Antwoord net ja of nee. (1)
**[25]**

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat gestel is:

> Voetstappe het deur toe geskuifel, 'n hand het gesukkel om die grendel los te kry.
>
> Dit was hy. Die lange. Ouer, maerder, krommer. Daar was 'n pêrel in die een waterige blou oog ingevreet en 'n snor het slap oor sy mond gehang.
>
> "Ja?" het die man wantrouig oor die onderdeur gevra.
>
> En nie 'n enkele woord wou uit die weersin uit hom opstaan wat met een hou sou kon terugslaan en vergeld nie.
>
> "Wat wil jy hê?"
>
> Niks . . . Hy het net daar gestaan en die man aangekyk en hom sien versigtig raak.
>
> "Wie is jy?" Miskien was dit herkenning wat tot hom wou deurdring en wat hom so verbouereerd gemaak het. "Ek vra wie jy is!"
>
> "Niemand."
>
> Toe het hy omgedraai en weggestap.

9.1 Verduidelik waarom Lukas se antwoord in r. 13 'n dieper betekenis het. (1)

9.2 Watter gebeurtenis het Lukas na die Lange se huis toe gelei? (2)

9.3 In r. 14 lees ons dat Lukas weggestap het. Waar het hy dié nag deurgebring? (1)

9.4 Skryf 'n frase uit r. 9 – 10 neer wat daarop dui dat die lang man vir Lukas geskrik het. (1)

9.5 Skryf EEN woord uit r. 4 – 7 neer wat Lukas se gevoel teenoor die lang man beskryf. (1)

**EN**

"Dan weet jy nie? Van jou pa nie?"

"Nee. Wat van hom?"

Die geluid was weer daar. Dringend.

"Ek kom, Elias! Lukas is hier!" Dit het geklink of sy hom van redding sê.

Net die helfte van Elias van Rooyen was heel. Die ander helfte was geskende mensliggaam onder slangblaar en keibossies toegepak, waaruit walms kruiereuk opgestyg en in die lug bly hang het.

Hy wou buitetoe gaan om te braak en te vlug.

"Kyk hoe lyk jou pa, Lukas. Dis die grootvoete se werk. Anderkant die Gounarivier het die koei hom geskraap en gegooi dat hy nou al maande so lê. Met daardie liggaam het hy twee dae lank moes kruip en sleep om by die huis te kom. Ons het nie gedink ons sou hom deurhaal nie. Van kop tot tone was hy pimpelblou gewees."

Die ergste was die haat en verwyt in die twee hol oë op die bed wat hom bly aankyk het.

"Dag Pa."

"Hond!" Die woord het uit die verminkte liggaam gestoot asof dit lankal daar gewag het vir die sê.

"Wag nou, Elias, Lukas het nie geweet dat jy seergekry het nie."

"Hond!"

9.6 Wat verraai die twee **hol oë** (r. 31) van Elias se toestand? (1)

9.7 Waarvan is **die grootvoete** (r. 25) 'n metafoor? (1)

9.8 Het jy simpatie met Elias? Antwoord net ja of nee. (1)

9.9 Motiveer jou standpunt oor Vraag 9.8 se antwoord. (1)

9.10 Na watter geluid verwys r. 17? (1)

9.11 Verduidelik wat die funksie van die wit gedeelte tussen r. 19 en 20 is. (1)

9.12 Waarom is die verwysing na **jou pa** (r. 15) hier ironies? (1)

9.13 Lees weer r. 24. In watter emosionele toestand is Lukas tans? (1)

9.14 Waarom is Elias se oë vol haat en verwyt (r. 31)? (1)

9.15 Watter woord in r. 33 – 35 dui op veragting? (1)

**EN**

> “Ek kan nie nou praat nie, Lukas, ek moet jou pa gaat was. Hy sê die been wil nie lat hy op hom trap nie, dalk het jy die planke te gou afgehaal, dalk is die son nie goed vir die been nie . . .” hy kon sien sy weet sy is vasgekeer en dat sy met aanhou praat probeer loskom. “Dalk is die been nog af en dalk is jou pa se binnegoed gebreek en weet ons dit nie. Ek sien die balke is klaar gelaai, Kristoffel sê jy help hom môre tot by Diepwalle se pad . . .”
>
> “Ja,” het hy haar gekeer, “en daarvandaan gaan ek dorp toe. Pa se been is aangegroei, Ma moet net kyk dat hy elke dag in die son kom. Help Kristoffel om hom uit te dra, al is dit net vir ’n rukkie elke dag.”

9.16 Wat is eintlik Lukas se rede vir sy besoek aan die Bos? (1)

9.17 Barta is **vasgekeer** (r. 41). Verduidelik in jou eie woorde wat dit hier beteken. (1)

9.18 Om watter rede het Lukas Bos toe gekom? (1)

**EN**

> “Ek dink ek het jou pa hoor roep. Lukas! Los my arm, Lukas, wat’s dit nou met jou?”
>
> “Pa kan wag. Ek het lank tot hier toe gewag en Ma gaan my in die oë kyk en Ma gaan vir my sê of ek jou kind is of nie.” Haar oë het wild geword van die skrik. “Antwoord my, Ma! Is ek julle kind wat weggeraak het? *Is ek Lukas?*”
>
> Haar mond het angsbevange begin bewe en sy het met moeite gepraat. “Wat vra jy my dan nou? Hoe kan jy so met my staat praat?”
>
> “Ma moet vandag vir my die waarheid sê al is dit vir Ma hoe swaar! Is ek Lukas of is ek nie?”
>
> “Wie anders?” het sy uitgeroep. “Wie anders? Jy’s Lukas. Ek het dit voor die magistraat gesweer en ek sweer dit weer. Jy’s Lukas.”

9.19 Skryf EEN woord uit r. 56 neer wat daarop dui dat Barta vir Lukas oor sy identiteit jok. (1)

9.20 Volgens r. 52 is daar twee mense wat op iets wag.

9.20.1 Waarop wag Pa? (1)

9.20.2 Waarop wag Lukas? (1)

9.20.3 Watter wagtende persoon, Pa of Lukas, kan **beslis nié** meer langer laat wag word nie? Motiveer jou antwoord. (2)

9.21 Waarom is die laaste sin in r. 55 kursief gedruk? (1)

**[25]**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

Bestudeer die volgende teksfragment en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

Toe hy in sy tydelike kantoortjie in die hofgebou sit en uitkyk op die binneplein waar die bandiete besig is met hul daaglikse taak om die gruis gelyk te hark, bereik die nuus hom: Abel Moolman het spoorloos verdwyn. En dit, dink hy in die eerste vervaarde oomblikke, terwyl hy met sy gesprekke met die mense van Toorberg stadig maar seker genoeg inligting aan die versamel was vir die gesprek wat waarskynlik die belangrikste van almal sou wees: die gesprek met Abel.

Dit is sy kollega, magistraat Botes, wat die nuus aan hom bring, uitasem en nog met sy hoftoga om die skouers. "Hulle soek al glo tot in die Kamdeboo na hom. Hy is al ses-en-dertig-uur lank soek."

"Ag so," sê die magistraat toe sy kollega verdwyn. "Ag so," herhaal hy verras. Hy trek sy lêer oor Abel Moolman nader, laat sy oë vinnig gly oor die aantekeninge wat hy tot dusver gemaak het, en teken dan aan: "Dringende berig bereik my dat Abel Moolman verdwyn het. Vertrek dadelik na Toorberg om ondersoek in te stel."

Hy laat die klerk eers voor die apteek stilhou. Met die leë blikkie salf in die hand, vra hy 'n vol een. "Die apteker het beloof dat hulle sal bestel."

Die juffroutjie kom met 'n blikkie terug. "Hier 's dit, Edelagbare," sê sy. "Daar is nog een, indien u weer benodig."

Hy bedank haar en betaal.

"Abel Moolman het spoorloos verdwyn," sê hy aan die klerk in die motor. Die klerk reageer beleef, maar ongeïnteresseerd. Die magistraat smeer die koel, ligroos salf aan sy stompie. Terwyl die klerk vinniger as gewoonlik ry nadat hy versoek is om hom te haas, maak die magistraat Abel se lêer oop. Versigtig bestudeer hy die notas wat hy ná elke gesprek gemaak het.

Wanneer hulle deur die laning opry na die opstal, verskyn Ella op die voorstoep. Sy tuur na hulle asof sy hulle verwag.

Hy klim uit. Ella bly roerloos staan en staar vreemd stip na hom terwyl hy nader kom.

"Goeiemôre," sê sy op die eerste stoeptreetjie.

"'n Oomblik het ek gedink dit is De la Rey, Abel se broer," sê sy. "Toe die son op die voorruit van die motor val en u in die laning opkom . . ."

"Ja," antwoord hy, "ons het inderhaas vertrek en nie met dieselfde motor as voorheen gekom nie." Hy glimlag. "Dis seker maar u bekommernis oor meneer Moolman." Sy knik. Hy bestyg die trap en kom staan teenoor haar. Sy is 'n duim of wat langer as hy. "Het u die polisie in kennis gestel?"

10.1 Waarom het die magistraat 'n tydelike kantoortjie (r. 1)? (1)

10.2 Met die lees van r. 1 – 3 kom 'n mens agter dat daar sprake van roetinewerk is. Wat behels hierdie werk en wie doen dit? (2)

10.3 Verduidelik wat die funksie van die dubbelpunt in r. 3 is. (2)

10.4 Waarom is dit 'n groot krisis dat Abel Moolman nou skielik weg is? (1)

10.5 Hoeveel dae lank is Abel reeds weg? (1)

10.6 Die magistraat reageer redelik kalm op hierdie dringende nuus. Watter woord van die magistraat in r. 7 – 14 verraai sy oënskynlike kalmte? (1)

10.7 Abel Moolman het spoorloos verdwyn.

10.7.1 Wat het uiteindelik met Abel in die verhaal gebeur? (1)

10.7.2 Waar presies is hy gevind en hoe is hy aangetref? (2)

10.8 Die magistraat is 'n buitestander en kommunikeer min met ander mense. Hy praat met die klerk en sy kollega, magistraat Botes. Tog kommunikeer hy saans voordat hy gaan slaap met iemand op 'n baie eienaardige manier.

10.8.1 Hoe en met wie kommunikeer hy saans? (2)

10.8.2 Waarom is hierdie kommunikasie so buitengewoon eienaardig? (1)

10.9 In r. 30 verwys Ella na De la Rey. Watter ooreenkoms is daar tussen die magistraat en De la Rey? (2)

10.10 Dui die teenstelling tussen r. 15 – 16 aan. (1)

10.11 Die magistraat sê eers nadat hy by die apteek uitkom vir die klerk dat Abel skoonveld is. Motiveer uit die aangehaalde teks dat al sou die klerk vroeër hieromtrent ingelig gewees het, hy steeds nie veel erg daaraan sou hê nie. (1)

10.12 Waarom sou dit in *Toorberg* nie eienaardig wees as dit wél De la Rey Moolman was wat skielik hier lewendig aangekom het nie? (1)

10.13 Waarom is De la Rey so belangrik vir Ella? (1)

10.14 Waarom het die magistraat-hulle nie met die gebruiklike motor gery nie? (1)

10.15 Watter handeling van die magistraat in r. 32 – 33 pas nie in hierdie hoogs ernstige en spanningsvolle oomblik nie? (1)

10.16 Van wanneer af het die magistraat 'n stompie-arm? (1)

10.17 Noem enige TWEE gewoontes eie aan die magistraat. (2)
**[25]**

**OF**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

### VRAAG 11
### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

11.1 Saul Barnard, die hoofkarakter in die roman, ***Kringe in 'n bos***, word deur letterkundiges as 'n buitestander beskou. Skryf 'n opstel van 300 – 400 woorde oor Saul se **buitestanderskap** en maak van die volgende skema gebruik:

- Die begrip buitestander (outsider)
- Saul staan los van sy familie en die houtkappers.
- Saul bly 'n eenkant-mens tussen die delwers.
- Saul en Oupoot is albei "buitestanders".
- Sou jy sê Saul se buitestanderskap word aan die einde van die roman opgehef? Motiveer jou siening. (20)

**EN**

11.2 Met die lees van hierdie roman kom die leser onder die indruk van die skewe sirkel. Skryf 'n kort opstel van 100 – 150 woorde waarin jy kortliks verduidelik wat dié skewe sirkel behels. (5)

**[25]**

### VRAAG 12
### *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

12.1 Waar David aanvanklik 'n alleenmens was, het Liam O Néill een van sy beste vriende geword. Skryf 'n opstel van 180 – 200 woorde in goed beplande paragrawe waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- David se verskillende vroeë ontmoetings met Liam
- Beskryf **hoe** en **waarom** David O Máille doodmaak en hoe Liam tot sy redding kom en hulle vriende word.
- Verduidelik hoe Liam gesterf het en wie David daarvan laat weet het en toon aan watter uitwerking Liam se dood op David se lewe gehad het.
- Dink jy David se buitestanderskap is aan die einde van die verhaal opgehef of nie? Motiveer jou standpunt. (10)

12.2 Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde waarin jy verduidelik hoe die Rooms-Katolieke Mis van die Protestantse Kersfeesdiens verskil en konsentreer op die volgende hoofpunte:

- Die twee dienste word op verskillende tye én in verskillende ruimtes gehou.
- Die twee groepe kerkgangers verskil hemelsbreed van mekaar.
- Die atmosfeer tussen die twee dienste verskil baie van mekaar.
- Hoe David deur die onderskeie dienste geraak word en sê watter diens volgens jóú die opregste is. Motiveer jou antwoord. (15)

**[25]**

## VRAAG 13
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

13.1 Die leser onderskei in hierdie roman duidelik tussen die **Lange Kloof** en die **Bos**. Hierdie twee ruimtes verskil radikaal van mekaar. Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde met goed beplande paragrawe waarin jy die Bosruimte met die Lange Kloof vergelyk en konsentreer op die volgende riglyne in die opstel:

- Die verskil in die twee ruimtes se klimaat en voorkoms (hoe dit lyk)
- Verduidelik watter mense (noem ook hulle name) waar woon of hoort
- en wei uit oor die mense se daaglikse bedrywighede.
- Sê ten slotte met watter groep mense jy graag sal wil assosieer en motiveer jou keuse. (15)

13.2 Benewens die Lange Kloof en die Bos, is daar ook nog die **see**, waarheen Lukas hom wend nadat hy die Bos verlaat het. Verduidelik in 'n opstel van 180 – 200 woorde hoe die see Lukas **bevry** en verwys in jou antwoord na die volgende hoofpunte:

- Lukas word deur die see bekoor.
- Kaliel beïnvloed Lukas se lewe positief.
- Nina beïnvloed Lukas se lewe ook. (10)

**[25]**

## VRAAG 14
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

14.1 Die pleknaam Toorberg, asook die name van sekere karakters is funksioneel en beskrywend van aard. Bespreek die betekenis en funksie van die volgende name in 'n opstel van 200 – 250 woorde in goed beplande paragrawe:

- Toorberg
- StamAbel
- KênsTillie
- Noag (15)

14.2 Die Moolmans en die Skaamfamilie verskil hemelsbreed van mekaar. Bespreek die verskille tussen dié twee families in 'n opstel van 180 – 200 woorde en konsentreer op die volgende aspekte in die antwoord:

- Die plaas en plaasopstal op Toorberg in teenstelling met die Stiefveld
- Die skatryk Moolmans teenoor die brandarm Skaamfamilie
- Wat is jou eie mening oor die ironiese band tussen die Moolmans en die Skaamfamilie? Motiveer jou siening. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**